

Die volgende is 'n Werkkaart soos voorsien deur die VAW.

Voltooi hierdie Werkkaart oor Desimale Breuke.

Opskrif:

Desimale breuke

Werkkaart 2: Berekenings tegnieke

Skryf die volgende teorie, met voorbeelde, oor in jou werkboek en voltooi die oefening wat volg.

1. Optelling en aftrek

- Ons doen optelling en aftrekking van desimale getalle in kolomme op dieselfde wyse as wat ons telgetalle en heelgetalle optel. **MAAK SEKER DAT JY DIE SYFERS MET DIESELFDE PLEKWAARDE ONDER MEKAAR SKRYF.**

Voorbeeld 1:

$$0,786 + 0,768 + 0,745$$

$$\begin{array}{r} 0,788 \\ 0,768 \\ + 0,744 \\ \hline 2,300 \end{array}$$

Voorbeeld 2:

$$0,768 - 0,65$$

$$\begin{array}{r} 0,768 \\ - 0,65 \\ \hline 0,118 \end{array}$$

2. Vermenigvuldiging

Wanneer 'n mens desimale met desimale vermenigvuldig, tel hoeveel desimale plekke daar na die desimale komma in elke getal is. Ignoreer die desimale en vermenigvuldig die getalle. Die antwoord sal dieselfde aantal desimale plekke hê as die totale aantal desimale plekke van die getalle wat vermenigvuldig word.

Voorbeeld:

$0,12 \times 0,004$ In totaal is daar 5 desimale plekke na die komma.
 $12 \times 4 = 48$ Daar moet dus 5 desimale plekke wees in die antwoord.
 Daar is reeds twee, die ander drie word met nulle vanaf
 die desimale komma vervang.
 $0,12 \times 0,004 = 0,00048$

Alternatief: Herskryf die desimale breuk as 'n gewone breuk....

$$\begin{aligned} 0,12 \times 0,004 \\ &= \frac{12}{100} \times \frac{4}{1000} \\ &= \frac{48}{100000} \end{aligned}$$

3. Deling

Die beste metode by deling is om die desimale breuke te skyf as gewone breuke en dan van die 'flip-en-maal' tegniek gebruik te maak – breuk na die deelteken word omgekeer en die deelteken word met 'n maalteken vervang.

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} 0,49 \div 0,007 \\ &= \frac{49}{100} \div \frac{7}{1000} \\ &= \frac{49}{100} \times \frac{1000}{7} \\ &= 70 \end{aligned}$$



Oefening:

Toon asseblief al jou stappe. Jy kan nie slegs 'n antwoord neerskryf nie.

Jy mag alleenlik jou antwoord kontroleer deur 'n sakrekenaar te gebruik.

Vereenvoudig die volgende.

1a) $0,867 + 0,768$

c) $7,67 + 3,89 + 12,045$

e) $7,89 - 5,23$

b) $0,678 + 1,789 + 3,768$

d) $3,45 - 2,99$

f) $6 - 0,567$

2a) $0,6 \times 0,05$

c) $0,15 \times 0,3 \times 1,0$

e) $0,25 \div 0,05$

b) $2,1 \times 0,02 \times 0,1$

d) $2,15 \div 5$

f) $2,527 \div 0,007$